GT Ferreira, ander steun ook nou Steinhoff-skikkin.

Hoewel dit "'n bitter pil is om te sluk" steun die bekende voormalige bankier GT Ferreira ook nou die skikking wat Steinhoff probeer bewerkstellig met die partye wat hom vir skadevergoeding gedagvaar het.

Louis du Preez, uitvoerende hoof van Steinhoff, het Vrydag op die groep se jaarvergadering vir bekendes wat eise ingestel het, onder wie Ferreira, Jaap du Toit en Christo Wiese, voormalige voorsitter en grootste aandeelhouer, by name uitgesonder as eisers wat nou die skikking steun.

Ferreira en Du Toit het hul steun bevestig.

Hulle is van die partye wat Steinhoff kategoriseer as kontraktuele eisers wat 29c van elke rand wat geëis is, kry.

Netwerk24 het voorheen reeds berig Wiese sê hy is tevrede met die skikking wat met hom bereik is.

Steinhoff het in Maart aangekondig dat die ooreenkomste tussen die groep en die ondernemings van Wiese onvoorwaardelik geword het.

'n Aparte ooreenkoms is met die ondernemings van Wiese bereik, wat op amper 19c uit die rand neerkom.

Steinhoff het die waarde van die eise van Wiese se maatskappye wat erken word teen einde Maart op R42,2 miljard bereken en hulle word R7,9 miljard aangebied.

Ferreira en twee werkerstrusts van sy wynplaas Tokara, het geld verloor toe Steinhoff se aandeelprys in Desember 2017 ineengestort het.

Hy het in 2018 van sy skok oor die gebeure by Steinhoff vertel. In sy hofaansoek het hy gesê hy voel mislei deur Markus Jooste, voormalige uitvoerende hoof, wat hom oortuig het om sy PSG-aandele vir Steinhoff s'n te verruil.



SQUIDEYE

Steinhoff sê in die skikkingsvoorstel die waarde van Ferreira-hulle se eis op 31 Maart is op R1,4 miljard bereken. Die skikkingsbedrag wat hulle aangebied word, is R420,9 miljoen.

"Ons het uiteindelik besluit om ons voorwaardelike steun aan die skikking te gee. 'n Mens kom by 'n punt en besef jy kan nie verder onderhandel nie, en daar is nie genoeg geld in Steinhoff nie," sê Ferreira.

Volgens hom sou die ideaal wees om hul PSG-aandele terug te kry. Die tweede beste scenario sou wees om die volle 100c in die rand terug te kry, en die derde beste is die skikking wat aanvaar moet word, "maar dit is 'n bitter pil om te sluk".

Die Le Toit Trust, waarvan Du Toit een van die trustees is, het Steinhoff ook vir skadevergoeding gedagvaar vir die geld wat verloor is nadat PSG-aandele vir die groep se aandele verruil is.

Steinhoff het sy eis einde Maart op R799,4 miljoen bereken en R234,3 miljoen word teen die koers van 29,3% gekry.

Steinhoff het in Julie verlede jaar die skikkingsvoorstel bekend gemaak om die regseise van meer as €10 miljard teen hom te skik.

Baie nog ontevrede

Groot ongelukkigheid heers nog onder eisers wat as gewone aandeelhouers gekategoriseer word en amptelik voorheen net 5c uit die rand aangebied is.

Dit sluit die groep Hamiltons in wat talle groot batebestuurders in Suid-Afrika soos Coronation en Allan Gray verteenwoordig en namens gewone beleggers hul geld in Steinhoff belê het. (Hamiltons is beskryf as 'n spesialedoelmaatskappy aan wie die reg om te eis van verskeie beleggers in Suid-Afrika oorgedra is.)

Hamiltons het 'n hofsaak gebring wat dreig om die hele skikkingsproses te ontspoor. Die hofsaak word einde Mei aangehoor.

Ander partye wat ontevrede is, is die voormalige eienaars van Tekkie Town wat 'n eis van R1,8 miljard teen die Nederlandse maatskappy ingestel het.

Steinhoff het aan alle eisers van die Nederlandse maatskappy ook soveel as die gewone aandeelhouers aangebied, selfs al is hulle kontraktuele eisers is.

Steinhoff het hulle as skikking net meer as R100 miljoen aangebied.

Nog ’n party wat ontevrede is, is die maatskappy Trevo Capital.

Netwerk24 het voorheen berig Trevo Capital word deur ’n familietrust van Pieter Erasmus besit, wat voorheen jare lank uitvoerende hoof van die Pepkor-groep was. Hy was aan die stuur van Pepkor toe Steinhoff die maatskappy gekoop het. Aandeelhouers van Pepkor, onder wie die bestuur, het in ruil vir hul aandele Steinhoff-aandele ontvang.

Trevo Capital het in Maart 2019 ’n eis van R2,1 miljard teen Steinhoff ingestel, wat beteken dat sy skikkingsaanbod R105 miljoen is.

Trevo het onlangs suksesvol toestemming van die hooggeregshof verkry om tot Hamiltons se saak toe te tree.

Nooi batebestuurders uit
Du Preez het op die jaarvergadering verduidelik hoe die eisers in twee kategorieë op grond van hul regstatus opgedeel is.

“Kontraktuele eisers is die mense wat ’n bate aan Steinhoff verkoop het en voor 2017 in Steinhoff-aandele in ruil vir die bate betaal is,” het hy verduidelik.

Markkoper-eisers of gewone aandeelhouers is dié wat aandele op die mark gekoop het en nie ’n regstreekse verhouding met Steinhoff het nie, volgens hom.

Volgens hom is die hantering van die markkoper-eisers op regsadvies gegrond dat hul “posisie anders as dié van ander kontraktuele eisers is”.

Du Preez meen dit is bevestig deur die hofuitspraak in ’n klasaksie wat in Suid-Afrika gebring is.

Dit is ’n verwysing na die uitspraak van regter David Unterhalter in die Dorethea de Bruyn-hofsaak in die Gautengse hooggeregshof. In die hofsaak is probeer om ’n klasaksie (groepsgeding) teen Steinhoff N.V., Steinhoff International Holdings (SIPHL), verskeie voormalige direkteure, Deloitte en ander te sertifiseer. Die aansoek is afgewys.

Hamiltons voer egter aan die De Bruyn-uitspraak kan nie ’n presedent skep vir sy saak nie omdat sy eis op bedrog gegrond is. Hamiltons voer aan De Bruyn se eis was op nalatige wanvoorstellings gegrond.

Du Preez het die Suid-Afrikaanse batebestuurders “openlik uitgenooi om positief in gesprek te tree” met Steinhoff om ’n oplossing vir die geskille te probeer vind.

Hy sê Steinhoff glo die skikkingsvoorstel gee eisers sekerheid oor wat die uitslag is en watter terugbetaling hulle gaan kry. “Dit is ’n meer gunstige en sekere herstel vergeleke met die moontlike scenario as die maatskappy gelikwideer word.

“Dit verseker ook dat die groep se skuldtermyn verleng word en dat die regte van ons handelskrediteure – die mense met wie ons sake doen soos verhuurders, verskaffers en personeel – nie geaffekteer word nie.”

Kan meer kry
Volgens hom gee dit ook gewone aandeelhouers addisionele waarde, wat hulle gegrond op die De Bruyn-saak nie op geregtig sou wees nie weens die ooreenkoms wat Steinhoff namens hulle met Deloitte en die versekeraars van die groep onderhandel het.

Die groep het €943 miljoen aangebied om te skik en nog sowat €156 miljoen is van Deloitte en die versekeraars verkry.

Dit verhoog dan glo die 5c wat aan gewone aandeelhouers gebied word tot 10c in die rand, maar sal afhang van hoeveel eise ingedien word, volgens Steinhoff.

Hy sê die skikking is ook ’n groot voordeel vir die bedryfsmaatskappye wat Steinhoff besit.

Behalwe vir die kontraktuele eisers wat hul steun beloof het, het Steinhoff reeds van vier van die ses groepseisers hul ondersteuning.